



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

**NSS 2019
'MEO' 2019
SS-KANDIDATE**

GRAAD 12

REKENINGKUNDE

NOVEMBER 2020

PUNTE: 300

TYD: 3 uur

Hierdie vraestel bestaan uit 20 bladsye en 'n 15 bladsy-antwoordeboek.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

Lees die volgende instruksies aandagtig deur en volg dit noukeurig.

1. Beantwoord AL die vrae.
2. 'n Spesiale ANTWOORDEBOEK word verskaf waarin jy AL die vrae moet beantwoord.
3. Toon AL die bewerkings om deelpunte te verdien.
4. Jy mag 'n nieprogrammeerbare sakrekenaar gebruik.
5. Jy mag 'n donker potlood of blou/swart ink gebruik om die vrae te beantwoord.
6. Toon ALLE bewerkings tot EEN desimale punt, waar van toepassing.
7. Skryf netjies en leesbaar.

8. Gebruik die inligting in die tabel hieronder as 'n riglyn wanneer jy die vraestel beantwoord. Probeer om NIE daarvan af te wyk NIE.

| VRAAG 1: 45 punte; 25 minute | |
|-------------------------------------|---|
| Onderwerp: | Hierdie vraag integreer: |
| Vervaardiging | Bestuursrekeningkunde Begrippe en Produksiekostestaat Gelykbreek-ontleding en -vertolking Bestuur van hulpbronne Interne beheer |

| VRAAG 2: 45 punte; 30 minute | |
|-------------------------------------|--|
| Onderwerp: | Hierdie vraag integreer: |
| BTW en Rekonsiliasies | Finansiële rekeningkunde BTW-berekeninge Bankversoenings, Ouderdomsanalise Bestuur van hulpbronne Interne beheerprosesse |

| VRAAG 3: 40 punte; 25 minute | |
|-------------------------------------|--|
| Onderwerp: | Hierdie vraag integreer: |
| Voorraadwaardasie | Bestuur van hulpbronne Gewegdegemiddelde-metode en EIEU-metode Interne beheer |

| VRAAG 4: 65 punte; 40 minute | |
|-------------------------------------|---|
| Onderwerp: | Hierdie vraag integreer: |
| Vaste Bates en Finansiële State | Finansiële rekeningkunde Begrippe en Balansstaat met notas Bestuur van hulpbronne Vastebatebestuur |

| VRAAG 5: 70 punte; 40 minute | |
|-------------------------------------|--|
| Onderwerp: | Hierdie vraag integreer: |
| Kontantvloeietaal en Vertolking | Finansiële rekeningkunde Begrippe, kontantvloei-berekeninge Vertolking van finansiële inligting |

| VRAAG 6: 35 punte; 20 minute | |
|-------------------------------------|--|
| Onderwerp: | Hierdie vraag integreer: |
| Begrotings | Bestuursrekeningkunde Kontantbegroting: ontleding en vertolking Bestuur van hulpbronne Interne beheer |

VRAAG 1: VERVAARDIGING**(45 punte; 25 minute)**

- 1.1 Kies 'n voorbeeld in KOLOM B wat by die kostekategorie in KOLOM A pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.1.1 tot 1.1.5) in die ANTWOORDEBOEK neer.

| KOLOM A | | KOLOM B | |
|---------|-------------------------|---------|--|
| 1.1.1 | Verkoop en verspreiding | A | grondstowwe vir produksie uitgereik |
| 1.1.2 | Direkte arbeid | B | oninbare skulde |
| 1.1.3 | Administrasie | C | waardevermindering op fabrieksmasjinerie |
| 1.1.4 | Fabrieksbokoste | D | produksielone |
| 1.1.5 | Direkte materiaal | E | bankkoste |

(5 x 1) (5)

1.2 **BERGVIEW VERVAARDIGERS**

Hierdie inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020. Die onderneming vervaardig emmers.

GEVRA:

Stel die volgende op 29 Februarie 2020 op:

- 1.2.1 Fabrieksbokoste-nota (16)
- 1.2.2 Produksiekostestaat (10)

INLIGTING:**A. Voorraadsaldo's**

| | 29 Februarie 2020 R | 28 Februarie 2019 R |
|----------------------|------------------------|------------------------|
| Goedere-in-bewerking | ? | 130 000 |
| Klaarprodukte | 140 000 | 155 500 |
| Indirekte materiaal | 14 300 | 12 400 |

B. Bedrae op 29 Februarie 2020 uit die rekords geneem

| | R |
|--|-----------|
| Salaris: fabrieksvoorman | 150 000 |
| Waardevermindering op fabriekstoerusting | 145 000 |
| Direkte materiaalkoste | 2 200 000 |
| Direkte arbeidskoste | 1 209 300 |
| Indirekte materiaal aangekoop | 33 100 |
| Versekering | 60 000 |
| Water en elektrisiteit | 115 000 |
| Huuruitgawe | 113 000 |
| Verkope | 6 500 000 |
| Koste van verkope (winsopslag op kosprys: 60%) | ? |

- Versekering word deur die fabriek, administrasie en die verkoopsafdeling in die verhouding 3 : 2 : 1 gedeel.
- Water en elektrisiteit vir Februarie 2020 is steeds uitstaande, R12 000. Die fabriek gebruik 80% van die water en elektrisiteit.
- Huuruitgawe word verdeel volgens die vloerspasie wat gebruik word. Die fabriek beset 7 200 m² van die totale vloerspasie van 9 000 m².

1.3 EASY KOSSE

Easy Kosse vervaardig peuselstafies ('snack bars'). Die finansiële jaar eindig op 31 Desember.

GEVRA:

- 1.3.1 Verduidelik waarom die verandering in eenhede vervaardig, die vaste koste per eenheid beïnvloed het. (2)
- 1.3.2 Gee TWEE moontlike redes vir die toename in direkte materiaalkoste per eenheid. (4)
- 1.3.3 Verduidelik waarom die onderneming nie met die produksievlak en gelykbreekpunt tevrede moet wees nie. Vergelyk en haal syfers aan vir beide jare. (6)
- 1.3.4 Die eienaar, Mike, wil die gewig van die peuselstafies van 80 gram na 75 gram verminder, terwyl die verkoopprijs op R12,50 elk gehou word. Verduidelik EEN rede teen hierdie opsie. (2)

INLIGTING:

| | 2019 | | 2018 | |
|-------------------------------|----------|-------------|----------|-------------|
| | Totaal | Per eenheid | Totaal | Per eenheid |
| Verkope | R675 000 | R12,50 | R617 500 | R9,50 |
| Veranderlike koste | R472 500 | R8,75 | R390 000 | R6,00 |
| Vaste koste | R191 160 | R3,54 | R191 160 | R2,70 |
| Direkte materiaalkoste | R270 000 | R5,00 | R279 500 | R4,30 |
| Gelykbreek-eenhede | 50 976 | | 50 000 | |
| Eenhede vervaardig en verkoop | 54 000 | | 65 000 | |

VRAAG 2: BTW EN VERSOENINGS**(45 punte; 30 minute)****2.1 BTW**

Die volgende het betrekking op Lunga Winkels vir die BTW-tydperk geëindig 30 April 2020. BTW teen 15% is op alle goedere van toepassing.

GEVRA:

Bereken die BTW-bedrae wat deur **(i)** tot **(iii)** op die tabel aangedui word. Dui die effek van ELKE antwoord op die bedrag betaalbaar aan SAID aan. Verwys na die voorbeeld.

(8)

INLIGTING:

A. Bedrag verskuldig aan SAID op 1 April 2020, R5 500

B. Bedrae van April 2020-Joernale:

| BESONDERHEDE | BTW UITGESLUIT | BTW INGESLUIT | BTW- BEDRAG | EFFEK |
|---------------------------|-------------------|------------------|----------------|----------------|
| Totale verkope | R544 500 | R626 175 | R81 675 | Toename |
| Aankope van voorraad | 174 900 | 201 135 | (i) | ? |
| Onttrekkings van voorraad | 32 000 | | (ii) | ? |
| Oninbare skulde | | 7 015 | (iii) | ? |

2.2 BANKVERSOENING EN INTERNE BEHEER

Die inligting het betrekking op Plaston Handelaars vir April 2020.

GEVRA:

2.2.1 Toon die inskrywings wat in die Kontantjoernale aangeteken moet word. (10)

2.2.2 Bereken die Bankrekeningsaldo op 30 April 2020. (4)

2.2.3 Stel die Bankversoeningstaat op 30 April 2020 op. (9)

2.2.4 As interne ouditeur is jy nie gelukkig met die beheer van kontant in hierdie onderneming nie.

- Verduidelik TWEE probleme om jou vermoede te bevestig. Haal syfers aan.
- Gee raad oor hoe ELKE probleem in die toekoms vermy kan word. (6)

INLIGTING:**A. Inligting uit die Bankversoeningstaat op 31 Maart 2020:**

| | | |
|--|-------------------------------------|---------|
| Ongunstige saldo volgens Bankstaat | | R19 500 |
| Uitstaande deposito | | 50 400 |
| Uitstaande tjeks: | Tjek 615 (gedateer 30 Oktober 2020) | 15 750 |
| | Tjek 960 (gedateer 20 Maart 2020) | 11 850 |
| | Tjek 965 (gedateer 30 Mei 2020) | 6 750 |
| Ongunstige saldo volgens Bankrekening in die Grootboek | | 3 450 |

- Die deposito van R50 400 het op 14 April 2020 op die Bankstaat verskyn.
- Tjek 960, uitgereik in Maart 2020, is op die Bankstaat vir April 2020 as R14 550 getoon. Die Bankstaat is korrek.

B. Voorlopige totale in die Kontantjoernale op 30 April 2020, voor ontvangs van die April-Bankstaat:

- Kontantontvangstejoernaal, R65 570
- Kontantbetalingsjoernaal, R64 790

C. Inligting op die April 2020-Bankstaat wat nie in die April 2020-Kontantjoernale verskyn het nie:

| DATUM | BESONDERHEDE | DEBIET | KREDIET |
|-------|---------------------------------|--------|---------|
| 11 | ZL Nkosi (EFO deur huurder) | | R31 350 |
| 25 | Debietorder (Quick Versekerars) | R9 750 | |
| 25 | Onbetaalde tjek (P Grobler) | 3 375 | |
| 28 | Rente | | 150 |
| 29 | Diensgeld | 600 | |
| 30 | Diensgeld | 600 | |

LET WEL: Die bank het per abuis die diensgeld gedupliseer. Hulle sal hierdie fout volgende maand regstel.

D. Deposito-inskrywings in die April 2020-Kontantontvangstejoernaal wat nie met die April 2020-Bankstaat ooreenstem nie:

- R27 750 op 24 April 2020
- R44 000 op 26 April 2020. Die Bankstaat het dit as R33 500 getoon. 'n Ondersoek het getoon dat die kontantstrookies altesaam R44 000 was, maar slegs R33 500 is gedeponeer. Die tekort kan nie opgespoor word nie en moet afgeskryf word.

E. Inskrywings in die April 2020-Kontantbetalingsjoernaal, nie in die April 2020-Bankstaat nie:

| DOKUMENTE | DATUM | BESONDERHEDE | BANK |
|----------------|-------|-----------------|--------|
| Tjek 980 | 29 | PNA Verskaffers | R8 600 |
| EFO: P Sithole | 30 | Onttrekkings | R7 300 |

F. Bankstaatsaldo op 30 April 2020: ...?

2.3 DEBITEURE-OUDERDOMSANALISE

Die inligting het op Tonga Hardeware betrekking.

GEVRA:

- 2.3.1 Verduidelik hoe die Debiteure-ouderdomsanalise die onderneming kan bystaan om debiteure meer doeltreffend te bestuur. (2)
- 2.3.2 Verduidelik TWEE aparte probleme wat deur die ouderdomsanalise uitgelig word. Verskaf bewyse vir ELKEEN. (4)
- 2.3.3 Noem TWEE strategieë wat Tonga Hardeware kan gebruik om te verseker dat krediet slegs aan betroubare aansoekers toegestaan word. (2)

INLIGTING:

A. Debiteure kry 30 dae om hulle rekeninge te vereffen.

B. Debiteure-ouderdomsanalise op 29 Februarie 2020:

| DEBITEURE | KREDIET-LIMIET | BEDRAG VERSKULDIG | HUIDIGE BEDRAG | 30 DAE | 60 DAE | 90 DAE |
|-----------|----------------|----------------------|-------------------|--------------|--------------|--------------|
| N Nene | 9 000 | 7 500 | 3 150 | 4 350 | | |
| P Palm | 5 250 | 6 300 | 5 700 | 600 | | |
| D Duma | 10 500 | 2 175 | 750 | | | 1 425 |
| S Swart | 19 500 | 18 750 | 1 500 | 4 500 | 6 750 | 6 000 |
| | 44 250 | 34 725 | 11 100 | 9 450 | 6 750 | 7 425 |

VRAAG 3: VOORRAADWAARDASIE**(40 punte; 25 minute)**

- 3.1 Voltooi die sinne deur die korrekte voorraadwaardasie-metode in te vul. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommers (3.1.1 tot 3.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 3.1.1 Die ...-metode aanvaar dat voorraad verkoop word in die volgorde van datum aangekoop.
- 3.1.2 Die ...-metode deel die totale koste van goedere beskikbaar vir verkoop, deur die aantal eenhede.
- 3.1.3 Die ...-metode word vir baie duur, individueel herkenbare items gebruik. (3 x 1) (3)

3.2 JJ MODEHUIS

JJ Modehuis gebruik die periodieke voorraadstelsel. Janine Naidoo besit die onderneming.

GEVRA:**Verwys na Inligting A: Jeans**

- 3.2.1 Bereken die volgende op 29 Februarie 2020:
- Waarde van die eindvoorraad deur die gewoegdegemiddelde-metode te gebruik (6)
 - Bruto wins (4)
- 3.2.2 Bereken hoe lank (in dae) dit sal neem om die eindvoorraad van die jeans te verkoop. (4)
- 3.2.3 Janine oorweeg 'n verandering in die voorraadwaardasie-metode.
- Bereken die waarde van eindvoorraad deur die EIEU-metode te gebruik. (7)
 - Noem EEN voordeel van die gebruik van die EIEU-metode. (2)

Verwys na Inligting B: Baadjies

- 3.2.4 Die eienaar is bekommerd oor die diefstal.
- Bereken die aantal baadjies gesteel. (4)
 - Gee TWEE oplossings om die probleem op te los. (4)
- 3.2.5 Die interne ouditeur is bekommerd oor die voorraadvlakke en die verkoopprijs van baadjies.
- Verduidelik redes vir sy bekommernis, met syfers, en gee verskillende raad in ELKE geval. (6)

INLIGTING:**A. Jeans:**

| | EENHEDE | EENHEIDS- PRYS | TOTAAL |
|------------------------------------|----------------|---------------------------|-------------------|
| Beginvoorraad (1 Maart 2019) | 240 | | R124 500 |
| Aankope | 3 150 | | R1 813 000 |
| Mei 2019 | 1 300 | R560 | R728 000 |
| Oktober 2019 | 1 450 | R580 | R841 000 |
| Januarie 2020 | 400 | R610 | R244 000 |
| Subtotaal | 3 390 | | R1 937 500 |
| Terugsendings van Januarie-aankope | 130 | R610 | R79 300 |
| Verkope | 2 880 | R960 | R2 764 800 |
| Eindvoorraad (29 Februarie 2020) | 380 | ? | ? |

B. Baadjies:

| | 2020 | 2019 |
|--------------------------------------|------------------|-------------|
| | (EENHEDE) | |
| Beginvoorraad | 1 760 | |
| Aankope (min terugsendings) | 6 500 | |
| Eenhede beskikbaar vir verkope | 8 260 | |
| Eindvoorraad | 2 980 | |
| Eenhede verkoop | 5 020 | |
| Geweegdegemiddelde-koste per eenheid | R700 | R630 |
| Verkoopprys per eenheid | R1 450 | R1 070 |
| Voorraadhoudingstydperk | 216 dae | 103 dae |
| Winsopslag-% bereik | 107% | 70% |

VRAAG 4: VASTE BATES EN FINANSIËLE STATE**(65 punte; 40 minute)****AVENGERS BPK.**

Die inligting het betrekking op die finansiële jaar geëindig 31 Maart 2020.

GEVRA:**4.1 Verwys na Inligting B.**Bereken die ontbrekende bedrae soos deur **(i)** tot **(iv)** aangedui. (16)**4.2 Stel die volgende notas tot die Balansstaat op 31 Maart 2020 op:**

- Gewone aandelekapitaal (7)
- Behoue inkomste (8)

4.3 Voltooi die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 31 Maart 2020. Toon bewerkings. (34)**INLIGTING:****A. Bedrae op 31 Maart uit die boeke onttrek:**

| BALANSSTAATREKENINGE | 2020 R | 2019 R |
|---|-------------------|-------------------|
| Gewone aandelekapitaal | ? | 4 800 000 |
| Behoue inkomste | ? | 1 181 250 |
| Verbandlening: Grandeur Bank | 2 508 000 | 3 150 000 |
| Vaste bates teen drawaarde | 11 458 500 | |
| Handelsvoorraad (balanseersyfer) | ? | |
| Netto handelsdebiteure | 881 000 | |
| Bank (gunstig) | 454 000 | |
| Krediteurekontrole | 1 318 000 | |
| SAID: Inkomstebelasting (voorlopig) | 972 000 | |
| Inkomste vooruit ontvang | 32 000 | |
| Aandeehouers vir dividende | 889 200 | 752 000 |
| Nominale rekeninge (vooraansuiweringsbedrae) | | |
| Kommissie-inkomste | 29 920 | |
| Huuruitgawe | 364 000 | |
| Direkteursvergoeding | 2 275 000 | |

B. Onvolledige Vastebatenota:

| | GROND EN GEBOU | VOERTUIE | TOERUSTING |
|----------------------------------|---------------------------|-----------------|-------------------|
| Drawaarde (1 April 2019) | | 631 000 | |
| Kosprys | (i) | 1 281 000 | |
| Opgehoopte waardevermindering | | (650 000) | (200 000) |
| Bewegings | | | |
| Toevoegings | | 625 000 | |
| Verkope | (850 000) | 0 | (iii) |
| Waardevermindering | | (ii) | (42 450) |
| Drawaarde (31 Maart 2020) | | | |
| Kosprys | 9 650 000 | | |
| Opgehoopte waardevermindering | | | (iv) |

Grond en geboue:

- 'n Gebou, op 'n aparte eiendom, is teen kosprys verkoop.

Voertuie:

- 'n Nuwe voertuig is op 1 Januarie 2020 aangekoop.
- Voertuie word teen 20% p.j. op kosprys verminder.

Toerusting:

- Ou toerusting, kosprys R21 000, is op 30 September 2019 verkoop. Die opgehoopte waardevermindering op 1 April 2019 was R15 000.
- Toerusting word teen 15% p.j. volgens die verminderdesaldo-metode gedeprimeer.

C. Aandelekapitaal:

| DATUM | INLIGTING |
|----------------|--|
| 1 April 2019 | 800 000 gewone aandele reeds uitgereik |
| 31 Mei 2019 | 400 000 gewone aandele uitgereik |
| 1 Oktober 2019 | 60 000 gewone aandele teruggekoop <ul style="list-style-type: none"> • Gemiddelde aandeleprys, R7,00 • Terugkoopprys per aandeel, R10,80 |

D. Dividende:

- 'n Tussentydse dividend van 124 sent is op 30 September 2019 betaal.
- Finale dividende is verklaar, R889 200.

E. Verbandlening: Grandeur Bank

- Vaste maandelikse terugbetalings (rente ingesluit) is gemaak en korrek geboekstaaf.
- Rente van R258 000 is nog nie deur die onderneming geboekstaaf nie.
- Die kapitaal terugbetaling sal gedurende die volgende finansiële jaar dieselfde bly.

F. Die vermindering in die voorsiening vir oninbare skulde, R2 500, is nie geboekstaaf nie.

G. Kommissie-inkomste vir Maart 2020, R41 900, is steeds uitstaande.

H. Die maatskappy het drie direkteure wat dieselfde maandelikse direkteursfooie verdien. Een direkteur het nog nie sy direkteursfooie vir Maart 2020 ontvang nie.

I. Huur vir April 2020 is betaal. Die huur is op 1 Januarie 2020 met 25% verhoog.

J. Netto wins na belasting en inkomstebelasting:

- Die korrekte netto wins na belasting **na alle aansuiwerings** is R2 534 400.
- Inkomstebelasting word teen 28% van die netto wins bereken.

VRAAG 5: KONTANTVLOEISTAAT EN VERTOLKING (70 punte; 40 minute)

- 5.1 Kies die korrekte woord uit dié wat tussen hakies gegee word. Skryf slegs die woord langs die vraagnommers (5.1.1 tot 5.1.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- 5.1.1 Die (interne/eksterne) ouditeur word deur aandeelhouders aangestel om 'n onsydige mening oor die finansiële state van 'n maatskappy uit te spreek.
- 5.1.2 (Direkteure/Aandeelhouders) is verantwoordelik vir die bestuur en bedryf van die onderneming.
- 5.1.3 Die (Inkomstestaat/Balansstaat) toon die finansiële posisie van die onderneming ten opsigte van sy bates, ekwiteit en laste.
- 5.1.4 Die (Inkomstestaat/Kontantvloeistaat) is 'n finansiële staat wat die bronne van 'n maatskappy se fondse en die aanwending daarvan toon. (4 x 1) (4)
- 5.2 **BOMBAY BPK.**

Die inligting het betrekking op Bombay Bpk. vir die finansiële jaar geëindig 29 Februarie 2020.

GEVRA:

- 5.2.1 Vul die ontbrekende bedrae in op die Kontantvloeistaat wat verskaf is. Toon bewerkings. Dui uitvloeië tussen hakies aan. (22)
- 5.2.2 Bereken die volgende finansiële aanwysers op 29 Februarie 2020:
- % bedryfswins op verkope (3)
 - Vuurproefverhouding
- LET WEL:** Die bedryfsverhouding is 1,6 : 1. (5)
- Netto batewaarde (NBW) per aandeel (5)

INLIGTING:**A. Uittreksel uit die Inkomstestaat (Staat van Omvattende Inkomste) op 29 Februarie 2020:**

| | |
|---------------------------|------------|
| Verkope | R4 824 000 |
| Bruto wins | 1 608 000 |
| Waardevermindering | 312 600 |
| Bedryfswins | 1 122 500 |
| Netto wins voor belasting | 984 000 |
| Netto wins na belasting | 688 800 |

B. Uittreksel uit die Balansstaat (Staat van Finansiële Posisie) op 29 Februarie:

| | 2020 (R) | 2019 (R) |
|----------------------------|--------------|--------------|
| Vaste bates (drawaarde) | 4 830 000 | 3 760 100 |
| Bedryfsbates | ? | 962 000 |
| Bedryfslaste | 774 000 | 712 800 |
| Handelsvoorraad | 619 000 | 538 000 |
| Bank | 0 | 56 400 |
| Kleinkas | 2 500 | 0 |
| Gewone aandelekapitaal | 5 880 000 | 5 360 000 |
| Behoue inkomste | 542 800 | 236 000 |
| Lening: Kan Bank | 950 000 | 1 300 000 |
| SAID: Inkomstebelasting | 26 400 (Kt.) | 11 600 (Dt.) |
| Aandeehouers vir dividende | 165 000 | 126 000 |
| Oortrokke bank | 28 800 | 0 |

C. Aandelekapitaal en dividende:

- Die gemagtigde aandelekapitaal bestaan uit 1 500 000 aandele.
- Op 1 Maart 2019 is 60% van die gemagtigde aandele reeds uitgereik.
- Op 30 Junie 2019 is 200 000 addisionele aandele vir R1 240 000 uitgereik.
- Op 29 Februarie 2020 is 120 000 aandele teen R96 000 bo die gemiddelde aandeleprys teruggekoop.
- Totale dividende in die 2020-belastingjaar betaal en verklaar is R286 000.

D. Vaste bates:

- Aanbouings by geboue is gedurende November 2018 voltooi.
- Ou toerusting is verkoop teen drawaarde, R34 500.

5.3 TWEE MAATSKAPPYE: LULU BPK. EN COCO BPK.

Noah Lott het vyf jaar gelede R5,6 m. in die nasionale lotery gewen en toe besluit om R2,8 m. in elk van die twee maatskappye hieronder soos volg te belê:

| | |
|------------------|---|
| Lulu Bpk. | 400 000 aandele teen R7,00 elk = R2,8 m. |
| Coco Bpk. | 100 000 aandele teen R28,00 elk = R2,8 m. |

Hy wil jou mening oor hierdie maatskappye hê.

LET WEL: Wanneer jy die vrae hieronder beantwoord, vergelyk die inligting wat gegee word en haal die relevante finansiële aanwysers vir beide maatskappye aan (persentasies, verhoudings en/of bedrae).

INLIGTING:

| | LULU BPK. | | COCO BPK. | |
|---------------------------------------|-------------------|-------------|------------------|-------------|
| | 2020 | 2019 | 2020 | 2019 |
| Totale getal aandele | 1 100 000 aandele | | 700 000 aandele | |
| Aandele oorspronklik deur Noah gekoop | 400 000 aandele | | 100 000 aandele | |
| Noah se % aandeelhouing | 36% | | 14% | |
| Huidige markwaarde per aandeel | R9,50 | | R18,80 | |
| Gewone aandeelkapitaal | R9 900 000 | | R11 900 000 | |
| Behoue inkomste | R1 890 000 | | R600 000 | |
| Langtermynlening | R9 432 000 | | R2 500 000 | |
| Bedryfsverhouding | 1,7 : 1 | 1,6 : 1 | 4,2 : 1 | 4,8 : 1 |
| Vuurproefverhouding | 0,9 : 1 | 0,8 : 1 | 3,6 : 1 | 3,5 : 1 |
| % bedryfswins op verkope | 16% | 16% | 14% | 18% |
| Skuld-ekwiteit-verhouding | 0,8 : 1 | | 0,2 : 1 | |
| Netto batewaarde per aandeel | R10,72 | | R17,86 | |
| Verdienste per aandeel (VPA) | 273 sent | 233 sent | 171 sent | 266 sent |
| Dividend per aandeel (DPA) | 110 sent | | 200 sent | |
| % opbrengs op ekwiteit | 25% | 14% | 9% | 15% |
| % opbrengs op kapitaal aangewend | 20% | 12% | 10% | 14% |
| Rentekoers op lenings | 13% | 13% | 13% | 13% |
| Rentekoers op vaste deposito's | 6% | 6% | 6% | 6% |

GEVRA:

- 5.3.1 Verduidelik watter maatskappy het die beste likiditeit. Haal TWEE finansiële aanwysers aan om jou mening te staaf. (4)
- 5.3.2 Lewer kommentaar op die verdienste per aandeel en die % opbrengs op ekwiteit van Lulu Bpk. Gee TWEE redes waarom die aandeelhouers met hierdie aanwysers tevrede sal wees. (5)
- 5.3.3 Lewer kommentaar op die markwaarde van die aandele in Coco Bpk. Verduidelik TWEE punte. (4)

- 5.3.4 Vergelyk die dividenduitbetalingskoerse van beide maatskappye en verduidelik waarom die direkteure van ELKE maatskappy op hierdie uitbetalingskoerse besluit het. (4)
- 5.3.5 Noah sê dat die dividend van 110 sent per aandeel wat hy van Lulu Bpk. verdien het, beter is as die dividend van 200 sent per aandeel van Coco Bpk. Gee EEN punt om te bewys dat hy verkeerd is. (4)
- 5.3.6 Lewer kommentaar op die risiko en finansiële hefboom van ELKE maatskappy. Haal TWEE finansiële aanwysers aan. (6)
- 5.3.7 Noah wil aandele in Lulu Bpk. teen huidige markwaarde op die JSE koop om die meerderheidsaandeelhouer en HUB te word. Bereken hoeveel Noah sal moet betaal vir die aandele wat hy benodig. (4)

VRAAG 6: BEGROTINGS**(35 punte; 20 minute)**

6.1 Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Skryf slegs 'waar' of 'onwaar' langs die vraagnommers (6.1.1 tot 6.1.3) in die ANTWOORDEBOEK neer.

6.1.1 Oninbare skulde is 'n voorbeeld van 'n betaling in 'n Kontantbegroting.

6.1.2 'n Geprojekteerde Inkomstestaatskat skat die verwagte wins of verlies vir 'n spesifieke tydperk.

6.1.3 'n Afname in 'n vaste deposito sal as 'n ontvangste in die Kontantbegroting getoon word. (3 x 1) (3)

6.2 KURUMAN (EDMS.) BPK.

John Peters is die meerderheidsaandeelhouer en HUB. Jy word voorsien van inligting vir die tydperk geëindig 31 Julie 2020. Daar is vyf ander aandeelhouers.

Verwys na Inligting A.

- 6.2.1
- Bereken die ontbrekende bedrae deur **(i)** en **(ii)** in die Debiteureinvorderingskedule aangedui. (4)
 - Bereken die persentasie korting toegestaan aan debiteure wat hulle rekeninge in die maand van die verkooptransaksies vereffen. (5)

6.2.2 Bereken die volgende begrote bedrae:

- Totale verkope vir Julie 2020 (3)
- Betalings aan krediteure gedurende Junie 2020 (4)
- Addisionele lening wat op 1 Junie 2020 bekom gaan word (4)

6.2.3 Die direkteure het nie gedurende Mei 2020 by die Kontantbegroting gehou nie.

- Identifiseer TWEE oorbetalings in Mei 2020. Verskaf syfers.
- Gee 'n geldige rede vir ELKE oorbetaling geïdentifiseer om hulle besluite te ondersteun. (6)

Verwys na Inligting E.

6.2.4 Hoekom is die ouditeure bekommerd dat die ooreenkoms met Tradecor oneties of moontlik 'n misdaad is? Verduidelik DRIE punte. (6)

INLIGTING:**A. Verkope en debiteure-invordering:**

- Ramings van totale verkope vir 2020:

| | |
|-------|----------|
| April | R150 000 |
| Mei | R165 000 |
| Junie | ? |

- 25% van alle verkope is op krediet. Die res is vir kontant.
- Daar word verwag dat debiteure soos volg sal vereffen:
 - 60% in dieselfde maand van verkope, onderhewig aan 'n kontantkorting toegestaan.
 - 38% in die maand wat volg op die maand van verkope.
 - 2% van skulde word in die tweede maand wat volg op die maand van verkope, afgeskryf.
- Gedeeltelik voltooide Debiteure-invorderingskedule:

| | KREDIETVERKOPE | MEI | JUNIE | JULIE |
|--------------|----------------|---------|---------|---------|
| Mei | R41 250 | R23 760 | (i) | |
| Junie | (ii) | | R25 056 | R16 530 |
| Julie | R48 000 | | | R27 648 |
| | | | | R44 178 |

B. Aankope van voorraad en betalings aan krediteure:

- Die onderneming gebruik 'n vastevoorraadbasis met voorraad wat verkoop en maandeliks vervang word.
- Die onderneming gebruik 'n winsopslag van 50% op kosprys.
- 20% van alle voorraad word kontant aangekoop.
- Krediteure word ten volle betaal in die maand wat op die aankoop volg.

C. Lening en rente:

Die lening van Bokke Bank sal op 1 Junie 2020 verhoog word. Rente teen 20% p.j. is nie gekapitaliseer nie en is aan die einde van elke maand betaalbaar.

D. Uittreksel uit die Kontantbegroting vir die drie maande geëindig 31 Julie 2020:

| ONTVANGSTE | MEI | | JUNIE | JULIE |
|-----------------------------|-----------|-----------|-----------|-----------|
| | Begroot R | Werklik R | Begroot R | Begroot R |
| Kontantverkope | 123 750 | 142 400 | 130 500 | 144 000 |
| Invordering van debiteure | 38 010 | 26 000 | | 44 178 |
| Lening | | | ? | |
| Verkoop van eiendom | 0 | 320 000 | | |
| Verkoop van ou voertuig | 40 000 | 95 000 | | |
| BETALINGS | | | | |
| Kontantaankoop van voorraad | 22 000 | 18 000 | 23 200 | ? |
| Betaling aan krediteure | 80 000 | 80 000 | ? | ? |
| Salarisse | 28 000 | 28 000 | 28 000 | 42 000 |
| Advertensies | 5 600 | 8 400 | 5 600 | 5 600 |
| Personeelopleiding | | | 30 000 | |
| Rente op lening | 6 000 | 6 000 | 7 500 | 7 500 |
| Voertuig-instandhouding | 12 200 | 36 350 | 5 800 | 5 800 |
| Aankoop van voertuig | 235 000 | 235 000 | - | - |
| Huuruitgawe | 0 | 0 | 0 | 0 |
| Veiligheidspersoneel | 8 000 | 6 500 | 8 000 | 8 000 |

E. Ooreenkoms met Tradecor:

Die HUB, John Peters, het besluit om een van die maatskappy se eiendomme teen boekwaarde te verkoop. Hierdie eiendom is oorspronklik in 1980 vir R320 000 gekoop. Volgens die verkoopsooreenkoms sal die aankoper, Tradecor, die eiendom vir R26 000 per maand aan Kuruman (Edms.) Bpk. terugverhuur met ingang van 1 Junie 2020.

Die ouditeure van Kuruman (Edms.) Bpk. het ontdek dat die alleeneienaar van Tradecor John Peters se vrou is. Hulle beskou hierdie ooreenkoms as oneties en moontlik 'n misdaad.